BEDERF JOUSELF

Clico-gastehuis in Rosebank, Johannesburg, beplan watertand-spyskaarte vir hierdie winter. Die gastehuis is smaakvol versier met die beste gehalte sy-draperings veersagte beddens, uitnodigende rusbanke en 'n kleurskema wat jou sintuie sal sus. Elke slaapkamer het 'n private balkon wat oor die betowerende tuin en swembad uitkyk. Gaste word bedien met uitstekende kos in die elegante eetkamer of privaat in die tuin. Dié gastehuis is perfek vir klein groepe, soos korporatiewe vergaderings en huwelikspartytjies. Tariewe sluit verblyf en ontbyt in, sowel as BTW en 'n toerismeheffing, vanaf R1 130 per persoon in 'n enkelkamer en R1 490 per dubbelkamer vir twee persone wat deel. Spesiale tariewe word seisoenaal aangebied. ***Skakel Clico-gastehuis by 011-252-3300, e-pos info@clicoguesthouse.com of gaan na die webwerf: www.clicoguesthouse.com. Adres: Sturdeelaan 27, Rosebank, Johannesburg.***